**Tema:** Sterf soos ‘n koringkorrel om te lewe in die Lig.
**Skriflesing:** Johannes 8:12; 12:24-26; 35-50

In die gelese gedeelte hoor ons ‘n deel van Jesus se laaste openbare woorde voordat Hy aan die kruis sterf. Daarom is sy woorde vol erns en waarheid. Elke mens kies tussen lig en duisternis
Jesus is die Lig. Hierdie is sy dringende oproep aan elkeen van ons om te kies om in sy Lig te leef.

Lig bestaan nooit ter wille van ditself nie. Soos lig, fokus Jesus nooit op Homself nie. Sy fokus val op God, sy Vader, en op my en jou.

In die laaste verse wat ons gelees het, het ons gesien dat Jesus Godgerig leef. Hy sê wat die Vader sê Hy moet sê. Hy doen wat die Vader wil hê Hy moet doen. Dit gaan nie vir Hom oor Homself nie. Hy staan in sy Vader se diens.

Jesus val, soos ‘n koringkorrel, in die grond. Hy sterf aan die kruis. Hy is gehoorsaam aan sy Vader se liefdesplan, al is dit nie vir Hom maklik nie. Ons lees van sy worsteling in Joh 12:27-28:
“[27]Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur?
Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur.
[28] Vader, verheerlik u Naam!”
Dit sluit aan by die woorde wat Jesus tydens sy worsteling in Getsemane gebid het: “Moet nogtans nie doen soos ek wil nie, maar soos U wil.” (Matteus 26:39)

Soos koringkorrel wat sterf en geboorte gee aan ‘n nuwe plant wat baie koringkorrels voortbring, so sterf Jesus. Maar Hy staan ook op en bring ‘n groot oes in. Ons is hierdie oes. Jesus sê in Joh 12: 46-47: “[46]Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat dié wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie. [47]En as iemand na my woorde luister en hom nie daaraan steur nie, veroordeel Ek hom nie, want Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld te red.”
Jesus het nie gekom om te verwerp nie, maar wie Hom verwerp kies self om veroordeel te word omdat hulle nie Jesus en sy woorde aangeneem het nie. Hy het gekom om die wêreld te red.

Hy het gekom as Lig vir ons wat in pikdonker van sonde gesit het. Vir ons bring bring Hy die lig van verlossing, oorwinning en nuwe lewe. Ons het ‘n dringende keuse tussen lig en duisternis. Ons moet nie uitstel nie. Hoe langer ons uitstel, hoe moeiliker word dit. Ons oë word blind. Ons verstand raak afgestomp. In geloof moet ons kies om in sy lig te leef.

Wat beteken dit om in geloof te kies om in sy lig te leef?
Soos Jesus, moet ons ook soos ‘n koringkorrel in die grond val en sterwe. Ek moet sterf aan myself, die eie ek, my posisie en besittings. Die Here moet nommer 1 in my lewe wees. Dit is al hoe ons lewens baie vrug sal dra.

Wie glo in die Lig, wie in geloof hul lig aansteek by die Lig, lewe in die lig. Ons lewe onder die invloed van Jesus en sy leer. Ons is  mense van die Lig. In geloof aan hom oorgee, skyn sy lig deur ons. Soos Hy fokus ons ook op God en ander mense.

As mense van die Lig, getuig ons, soos Jesaja, oor Hom. Ons lees in Johannes 12: 41:
"[41]Jesaja het dit gesê omdat hy die heerlikheid van die Here gesien en oor Hom gepraat het."

Maar ons herken in onsself baiekeer iets van die optrede van die lede van die Joodse Raad. Baie lede van die Joodse Raad het ook tot geloof in Hom gekom, maar uit vrees vir die Fariseërs het hulle dit nie openlik bely nie, sodat hulle nie uit die sinagoge geban sou word nie. Hulle was bang dat hulle hul posisie en status in die samelewing sou verloor. Hulle het verkies om eerder deur mense geëer te word as deur God. Jesus spreek Hom skerp hieroor uit in Matt 10:32-33: "Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is. Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is."

Mense van die Lig getuig en volg in Jesus se voetspore. In Johannes 12:26 sê Hy: "As iemand My wil dien, moet Hy my volg; en waar ek is sal my dienaar ook wees."

Soos die dissipels leef ons altyd in sy lig. Ons leef binne sy invloedsfeer. Ons volg sy voorbeeld. Ons sien soos Hy. Ons het lief soos Hy. Ons doen soos Hy.
Dit maak nie saak waar ons gaan en wat ons dink of doen nie, ons fokus op Hom en sy eer. Ons is bereid om, soos Hy, opofferings te maak vir ander mense. Ons is bereid om voete te was.

En as mense van die Lig weet ons waarheen ons oppad is.
Wie kies om in die duisternis te lewe, is oppad na die ewige duisternis.
Mense wat in die Lig lewe, sal nooit weer in die donker rondstrompel nie. In Johannes 12:25 sê Jesus: ""Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou."
Elkeen wat Jesus Christus as die Seun van God in geloof liefhet,  het reeds die ewige lewe.

Ons wat soos koringkorrel gesterf het, wandel in die Lig. Oor ons ganse lewe, woorde, dade en gedagtes skyn sy lig. Ons lewens dra sy vrug. Uit ons ganse lewe, woorde, dade en gedagtes, skyn sy lig.
Amen